**8 Mei** **Skrifgedeelte: 1 Timoteus 6:11-16**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 6:15, 16**
**HK, Vraag 128**

## Vir altyd sal God geëer word

Dit is al afsluittyd vir hierdie wonderlike gebed wat die Here Jesus ons kom leer het. Die Onse Vader sluit af met ’n wonderlike lofuiting aan God. Dit is ’n lofuiting wat inhoudelik baie met die lofuiting in 1 Timoteus 6:15-16 ooreenkom.

God word aanbid as koning. Aan Hom behoort die koninkryk. Al lyk die aardse regeerders en wêreldlande hoe vernaam en sterk, bly God vir ewig koning. Hy regeer oor alle regeerders en heersers. Niks kan Hom die koningskap ontneem nie. Hy is die koning vol mag en krag. Hy het ’n groot vermoë en in sy almag doen Hy magtige dade, selfs bonatuurlike wonders. Hy is vol sterkte en vermoë. Hy is ’n goeie koning wat “ons alle goeie dinge wil en kan gee” (HK). As magtige koning het Hy die vermoë om ons gebede te verhoor. Daarvoor moet ons Hom ook prys. Ja, aan God behoort ook heerlikheid. Hy is vol skitterende grootsheid. Hy woon in ontoeganklike lig. Hy is vol waardigheid en aansien, vol glans en koninklike luister. Aan Hom kom die eer toe. Hom moet ons prys, loof en dank. Vir altyd en ewig is God dieselfde God van mag. Hy besit onsterflikheid. Wanneer jy Hom vandag eer en loof in jou gebede, weet dan dat sy kinders Hom vir altyd sal eer en dat jy as kind van God deel kan wees van die lofliedere wat tot in ewigheid vir Hom sal opgaan.

*Sing: Psalm 149:1, 2* *Ds. L du P van der Vyver (Silverton)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~